# BOEKBEKENDSTELLINGS

1. OU TESTAMENT (SAAMGESTEL DEUR PROF SD SNYMAN)

Bos, R 2008. *We have heard that God is with you: Preaching the Old Testament.* Grand Rapids: W B Eerdmans. [UK Alban Books]

Die boek wat oorspronlik in Nederlands geskryf is, is nou ook in Engels beskikbaar. Dit bied belangrike riglyne vir verantwoordelike prediking van die Ou Testament.

Coogan, M 2008. *The Old Testament: A Very Short Introduction.* New York: Oxford University Press

Vir iemand wat 'n oorsig oor die Ou Testament wil hê, is dit 'n goeie boek om op die boekrak te hê.

Wright, C H J 2004. *Old Testament Ethics for the People of God.* Leicester: IVP

Daar is min werke beskikbaar oor die Etiek van die Ou Testament. Wright het die grootste deel van sy akademiese loopbaan bestee aan 'n studie van die etiek van die Ou Testament. Aktuele temas soos Ekologie en die aarde, die land, geregtigheid, ekonomie en armoede, die reg, ensovoorts word aangespreek – temas wat ook veral aktueel vir ons Suid-Afrikaanse konteks is.

Zenger, E (ed) 2010. *The Composition of the Psalms.* Leuven: Peeters

Die boek bevat 'n seleksie van referate wat gelewer is by 'n kongres met dieselfde tema as die titel van die boek. Dit is 'n boek wat die jongste stand van navorsing op die Psalms weergee en ook die uitleg van 'n aantal Psalms.

Zenger, E (ed) 2008. *Einleitung in das Alte Testament.* Stuttgart: Kohlhammer.

Zenger se inleiding tot die Ou Testament is waarskynlik die standaard inleiding op die Ou Testament wat vandag beskikbaar is. Dit is 'n boek wat daarin slaag om die jongste stand van navorsing op elke boek van die Ou Testament weer te gee op 'n beknopte en leesbare manier. 'n Winspunt van die jongste uitgawe van die boek is die byvoeging van 'n geskiedenis van Israel.

2. NUWE TESTAMENT (SAAAMGESTEL DEUR PROFF DF TOLMIE & HC VAN ZYL)

Du Toit, Andrie (ed) 2009. *Focusing on the Message. New Testament hermeneutics, exegesis and methods.* Pretoria: Protea Book House. ISBN 978-1-86919-259-4.

Bespreek die verskillende sinkroniese metodes wat vandag in NT-teksuitleg en -verstaan gebruik word. Is terselfdertyd die afsluiting van die bekende reeks: *Handleiding by die Nuwe Testament*.

Porter, S.E & Adams, S.A. Eds. 2010. Ed. *Paul and the Ancient Letter Form*. Leiden: Brill. 9004181636.

Nuutste navorsing oor die toepassing van die epistolografie op die Pauliniese literatuur.

Sampley, J.P & Lampe, P. Eds. 2010. *Paul and rhetoric*. New York: T & T Clark International. 056702704X.

Goeie samevatting van die nuutste navorsingstendense in die retoriese analise van die Pauliniese literatuur.

Schnelle, U. 2009. *Theology of the New Testament*. Grand Rapids: Baker Academic. 0801036046.

Engelse vertaling van Schnelle se *Theologie des Neuen Testaments*, tans een van die standaardwerke op hierdie terrein.

Schreiner, T R 2008. *New Testament Theology. Magnifying God in Christ.* Grand Rapids: Baker Academic. ISBN 978-0-9010-2680-5.

Benader die teologie van die Nuwe Testament tematies, vanuit die sentrale gedagte, wat God in Christus vir ons gedoen het.

Tolmie, D F (ed) 2010. *Philemon in Perspective. Interpreting a Pauline Letter.* Berlin: Walter de Gruyter. (BZNW 169.) ISBN 978-3-11-022173-2.

Is die resultaat van die vyfde *International Colloquium on the New Testament* wat by die Fakulteit Teologie, UV, in Augustus 2008 gehou is. Bevat verskillende perspektiewe op die interpretasie van Paulus se kort briefie aan Filemon.

3. SISTEMATIESE TEOLOGIE & ETIEK (SAAMGESTEL DEUR PROF R VENTER)

Conradie, E 2009. *Uitverkoop? In gesprek oor … die verbruikerskultuur*. Wellington: Lux Verbi. BM. ISBN: 978 07963 1047 7

Dié produktiewe Suid-Afrikaanse teoloog, wat veral bekendheid verwerf het met sy besinning oor ekologie en teologie, verras met ’n boek wat ’n uiters aktuele onderwerp omvattend behandel – die hedendaagse verbruikerskultuur.

Harrison, P (ed) 2010. *The Cambridge companion to science and religion*. Cambridge; Cambridge University Press. ISBN: 978-0-521-71251-4

In die Cambridge Companion reeks het reeds werke van hoë gehalte verskyn. Hierdie volume, wat oor die gesprek oor godsdiens-wetenskap handel, stel nie teleur nie. ’n Groot aantal bekendes soos Stoeger, Murphy, en Haught is hier aan die woord oor ’n veld wat net in belangrikheid gaan toeneem.

Hauerwas, S 2010. *Hannah’s child: A theologian’s memoir*. Grand Rapids: Eerdmans. ISBN: 978-0802864871

Die aangrypende outobiografie van hierdie toonaangewende teoloog, wat wye bekendheid verwerf het met sy verstaan van o.a. sosiale etiek, deugde en narratiewe teologie.

Kretzschmar, L, Bentley, W & Van Niekerk, A (eds) 2009. *What is a good life? An introduction to Christian Ethics in 21st century Africa*. Kempton Park: AcadSA Publishing. ISBN: 978-1-920212-40-7.

’n Tydige boek oor die Etiek deur Suid-Afrikaners oor dringende etiese vrae: Onder andere kom vrae rondom etiese leierskap, etiese besluitneming en morele vorming aan die orde. Aktuele etiese kwessies soos die grondkwessie, MIV/vigs, en die ekonomie word behandel.

Plantinga, R J, Thompson, T R & Lundberg, M d (eds), 2010. *An introduction to christian theology.* Cambridge: Cambridge University Press. ISBN: 978-0-521-69037-9

’n Verrassende goeie een-volume Dogmatiek! Die skrywer vertoon ’n antenna vir talle ontwikkelinge in die toelogie, onder andere die nuwe belangstelling in die sosiale triniteitsleer

en globale teologie. Die tradisionele leerstukke word telkens vanuit drie perspektiewe behandel: ’n Bybelse, historiese en sistematiese perspektief.

Smit, D J 2009. *Essays on being Reformed. Collected essays 3.* Stellenbosch: SUN MeDIA. ISBN: 978-1-920338-20-6

Die derde bundel van versamelde artikels deur hierdie bekende en bekwame teoloog. Hierdie volume bevat belangrike opstelle oor onder ander Calvyn, Barth, Barmen, Belhar. Smit se verstaan van gereformeerd-wees in Suid-Afrika verdien ’n wye leserskring.

Vanhoozer, K J 2010. *Remythologizing theology: Divine action, passion, and authorship*. Cambridge; Cambridge University Press. ISBN: 978-0-521-47012-4

Dié bekwame Evangeliese teoloog wat onder andere werk van hoë gehalte oor die Hermeneutiek gelewer het, ontgin hier op diepgaande wyse die implikasies van ’n trinitariese – dit wil sê relasionele – verstaan van God. Hy toon die betekenis van kommunikatiewe handeling aan vir etlike teologiese kwessies, soos goddelike soewereiniteit en menslike vryheid.

4. PRAKTIESE TEOLOGIE (SAAMGESTEL DEUR PROFF W J SCHOEMAN & J-A VAN DEN BERG)

Drummond SB. 2009. *Holy clarity. The practice of planning and evaluation*. The Alban Institute: Herndon, Virginia. (ISBN 978-1-56699-387-6)

Die leierskap van gemeentes is gereeld besig met analise en evaluering van die gemeente en haar aktiwiteite, daaruit vloei gewoonlik ’n beplanningsproses. Sarah Drummond wil met die praktiese boek help om van die angels uit die prosesse te haal. ’n Winspunt is haar pogings om dit met die postmoderne tyd in verband te bring. Dit is ’n boek wat op gemeentevlak deur ’n proses van evaluering groter helderheid behoort te bring.

Long, T.G. *Preaching from memory to hope. 2009* Louisville: Westminister John Knox Press. ISBN 978-0-664-23422-5.

In dié boek van die internasionaal bekende Thomas Long word belangrike homiletiese perspektiewe, met die klem op verantwoordbare eskatologiese prediking, waarin hoop vir vandag deel is van die verkondiging, verwoord.

Osmer RR. 2008. *Practical Theology. An introduction*. Michigan: William B Eerdmans. (ISBN 978-0-8028-1763-5)

Nadenke oor die aard en vertrekpunte van die Praktiese Teologie bly altyd belangrik. Dit is nie net ’n akademiese proses nie, maar raak ook die grond op gemeentevlak. Rick Osmer wil deur vier basiese vrae te vra rigting aan die proses op akademiese en gemeentelike vlak gee. Die vier vrae is: Wat is aan die gang?; Hoekom is dit aan die gang?; Wat is veronderstel om te gebeur?; Hoe moet ons reageer? Hy gebuik die vrae en hulle antwoorde as merkers in die boek. Die boek behoort ’n standaard verwysingspunt in die Praktiese Teologie te word.

Schipani, D.S. & Bueckert, L.D. 2009. *Interfaith spiritual care. Understanding and practices.* Ontaria: Pandora Press. ISBN 978-1-926599-07-6.

Dié werk bied ’n verskeidenheid van perspektiewe aan op die uitdaging van inter-religieuse pastorale sorg. Vanuit ’n interkulturele perspektief waarin verskeie uithoeke van die wêreld geakkommodeer word, word ’n diverse aantal aspekte verhelderend bespreek.

Weiss, H. & Temme, K. 2009. Treasure in earthen vessels. Intercultural perspectives on pastoral

care facing fragility and destruction. Berlin: Lit Verlag. ISBN 978-3-8258-1138-9.

Dié sesde volume in die "ContactZone: Explorations in intercultural theology"-reeks, bied 'n oorsig oor die ontwikkelende aard van die pastorale praktyk soos blyk uit 'n verskeidenheid van bydraes wat aangebied is tydens die 8ste internasionale kongres van die International Council on Pastoral Care and Counselling in Augustus 2008 in Pole.

Wepener C, Van der Merwe J. 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Lux Verbi.BM. (sbn 978-0-7963-0838-2)

Die erediens bly in die sentrum van die gemeente se lewe en is daarom van groot belang. Die boek poog om langs die weg van die her-ontdekking van die wortels en verskeidenheid binne die erediens weer op 'n verantwoordelike manier nuwe weë oop te breek. Die boek wys op veel wat daar is wat wag om net weer ontdek te word.

5. SENDINGWETENSKAP

Balia, D and Kim, K (Eds). 2010. Edinburgh 2010. Vol.11. *Witnessing to Christ Today.* Oxford: Regnum..

Hierdie werk is voor die Edinburgh 2010 Konferensie gepubliseer en is 'n omvattende oorsig oor

getuienis in die wêreld.

Bevans, SB & Schroeder, RP. 2006. *Constants in context: a theology of mission for today.* Maryknoll, New York: Orbis.

'n Volledige en goed nagevorste oorsig oor die sendinggeskiedenis en die implikasies van sekere konstantes vandag.

Oduro,T, Pretorius, H, Nussbaum, S and Bron, B. 2008. *Mission in an African way.* s.l.: CLF.

'n Deeglike handboek ten opsigte van die Afrika Onafhanklike Kerke

Van der Walt, B.J. 2007. *Transforming power: challenging contemporary secular society.* Potchefstroom: Institute for contemporary Christianity in Africa.

'n Gerformeerde beskouing oor die uitdagings wat gestel word deur die wêreldbeskouings van die huidige gemeenskap.

Wright CJH. 2006 The mission of God: unlocking the Bible's grant narrative. Nottingham: InterVarsity.

'n Hoogs aanbevole werk wat die Bybelse begronding van die sending op bevatlike maar ook op volledige wyse deurgee.

6. RELIGIEKUNDE (SAAMGESTEL DEUR DS M SUKDAVEN)

Bhalla, P Prem. 2009. Hindu Rites, Rituals, Customs and Traditions. A to Z on the Hindu Way of Life. New Delhi: Hindoology Books. ISBN: 978-81-223-0902-7.

This is really a book of HOW and WHY of the Hindu faith with regards to rites, rituals and customs.

Euben, L Roxanne (ed.), Zaman, Muhammad Qasim (ed.). 2009. *Princeton Readings in Islamic Thought. Texts and Contexts from al-Banna to Bin Laden*. Oxford: Princeton University Press.

ISBN: 978-0-691-13588-5 (pbk.). ISBN: 978-0-691-13587-8 (hbk.).

This is an anthology that looks critically at issues of the Muslim faith both dogmatically and politically.

Kruger, JS, Lubbe GJA, Steyn HC. 2009. *The Human Search for Meaning. A Multireligion. Introduction to the Religions of Humankind.* Pretoria: Van Schaik (2nd Edition). ISBN: 978-0-627-02761-1

An excellent introduction to mainline religions in South Africa especially for those entering the teaching profession.

Olson, RE. 2009. *God in Dispute. Conversations among Great Christian Thinkers*. Grand Rapids: Baker Academic. ISBN: 978-0-8010-3639-2 (pbk.)

Olson creates an imaginary dialogue of the different church fathers by way of addressing issues pertinent to the arguments of the day.